

## BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

PAMELA M BARNES, R T J LOMBARD (ed.), *Through the chequered path: the story of William Howard's party of 1820 Settlers*, Human Sciences Research Council, Pretoria, 1988, 184 pp., ill., bibl., index, R30,00 (plus GST).

As indicated by the subtitle, this is the story of the William Howard party of British Settlers who settled to the southeast of Grahamstown in 1820. Written by Pamela Mary Barnes who is married to the great-great-grandson of one of Howard's party, George Sutton Barnes, the book makes compelling reading. The history of the Howard party has partly been told in two previous publications by the author: *Where duty leads: the life of Colonel Jasper Selwyn, Officer Commanding Royal Engineers, Graham's Town, 1834–1842* (s.l., 1979) and *Barnes ancestry: the story of an 1820 British settler family in South Africa, and its descendants* (Howick: P. Barnes, 1984).

In the first two chapters the preparations in England and the voyage to and arrival in South Africa are described. One becomes aware of the hardships which the passengers had to endure during the long sea voyages, more so when the ship had large numbers on board. How bitter was their disappointment when the ship reached Algoa Bay early in April 1820. Anyone familiar with that part of the country can visualize the Settlers' shock on seeing the barrenness of the wide driftsand beaches and beyond that the rugged countryside of the Eastern Cape.

The journey to the farms allocated to the Howard party and their experiences during the ensuing 20 years are described in the following chapters. The British Settlers were neither prepared nor equipped for the circumstances in which they found themselves. Very few of them were farmers. The adverse circumstances were aggravated by droughts, pests, diseases, raids by the Xhosa and Khokhoi, the unsympathetic attitude of the officers of the colonial government and the fact that they were prohibited from travelling between farms or to Bathurst or Grahamstown without a permit. The repeated setbacks nevertheless brought the perseverance of the Settlers to the fore. Some Settlers were however unable to cope with the difficulties and became alcoholics — at one stage liquor was more readily available and cheaper than food. The leader of the party, William Howard, also succumbed to alcohol — with tragic results.

The Howard party started dispersing after the prohibitions on their movements were lifted; many moved to the towns to pursue other occupations or to occupy bigger farms elsewhere, while others yielded to the desire to explore the interior of South Africa. By 1840 members of the party were to be found in Fort Beaufort, Wittleska, Somerset East, Port Alfred, Port Elizabeth and even as far as Port Natal and to the north of the Orange River.

The book gives a valuable insight into the lifestyle of the British Settlers as well as the Boers, Xhosa and Hottentots on the frontier. The author also mentions the origin of certain expressions in South African English, for example, 'roughing it'.

In parts the text tends to be fragmentary. Neither the incidents described and the chapter headings nor the incidents themselves form a unit. The language and style is sometimes too lyrical. This differs markedly from the author's usual economical style which does far more to convey the tension, fears and struggles of the Settlers. Appropriate and interesting quotations from, for example, *The Graham's Town Journal* and the documents of William Howard do much to enhance the text. There is a fairly extensive list of sources at the end of the book but it is not always clear which sources the author consulted — in the text the footnotes usually refer to the quotations. Other facts are seldom supported by a footnote which leaves one in doubt as to whether the opinion expressed is that of the author or that of one of the sources mentioned in the bibliography. In the list of sources there is a general reference to the Cape Archives Depot but not to the specific material used. The appendix with the names of the descendants of the members of the Howard party and the extensive persons index are of great value.

The book is sturdily bound and printed in a letter type and size which is easy to read. The dust cover is striking and the illustrations were well chosen. Though several contemporary maps are included, a few key maps of the regions discussed would have added much to the value of the book. Where exactly are Trappes Valley, Mount Pleasant, Botha's Hill, Belmont Valley, Mount Mercy Post? A reader not familiar with the region would find it difficult to orientate himself.

*Through the chequered path* is a valuable addition to the existing literature on the history of the British Settlers.

E J VERWEY  
Human Sciences Research Council

V.H. RUTGERS, *De Zwarde Storm, 1820—1830*, Deel I, eigen uitgave, Heerlen 1986, 133 pp., ill., landkaarten.

De schrijver, dr. Victor H Rutgers, is geboren in Den Haag in 1920, heeft als arts gewerkt in Nederlands Oost- en West-Indië, Limburg en Zuid-Afrika en heeft veel belangstelling voor geschiedenis. Dat leidde hem in Zuid-Afrika tot het lezen en schrijven over de Grote Volksverhuizingen van zwarte volken in Zuider-Afrika in de eerste helft van de 19de eeuw, de Mfecane (in Ngunitalen) of Difaqane (in Sotho) genoemd, dat betekent "the Great Crushing". Hij noemt het decennium 1820—30 in de ondertitel van zijn boek "Jaren waarin de geschiedenis blijvend een andere loop kreeg".

Omstreeks 1820 vond in Noord-Natal een soort ontploffing plaats door de succesvolle militaire acties van enige bekware aanvoerders, zoals Dingiswayo, Zwide en Shaka, van wie vooral de laatste bekend is geworden als de zwarte Napoleon. Deze veroveringstochten joegen andere stammen op, deze overvielen op hun beurt naburige stammen en zo kringde de hevige beroering uit over Zuidelijk en Midden Afrika, in het westen tot de Kalahariwoestijn — doeltreffende hindernis voor de grote veroveraars — in het noorden tot aan het Victoriameer. De eerste helft van de 19de eeuw was daar door een uiterst verwarde en bloedige tijd, waarin legeraanvoerders rijken stichtten, welke even snel verdwenen, vele duizenden omkwamen en enige zwarte rijken overbleven, die nu nog bestaan, zoals Botswana, Lesotho, Swaziland en Zoeloeland.

Rutgers heeft dit tijdsperiode beschreven en ruim gebruik gemaakt van de vele gepubliceerde werken, vooral in het Engels verschenen, zoals van J D Omer-Cooper, *The Zulu aftermath*, J S Bergh and A P Bergh, E Ritter over Shaka, en Peter Becker over andere zwarte despoten. Hij verzuimt te vermelden, dat de werken van Ritter en Becker door vakhistorici als "histoire romancée" worden beschouwd en dat heelwat door hem vermelde zaken nog omstreden zijn. Hij schrijft bijvoorbeeld op p. 20, dat Dingiswayo zijn vorming als veroveraar heeft te danken aan een blanke — misschien Dr. Cowan geheten. Velen ontkennen dat, en met reden.

Hij geeft in 12 korte hoofdstukken een verslag van de zwerftochten van de leiders van grote groepen op verovering of op de vlucht. Ik hoop, dat de Nederlandstalige lezer door deze velen bomen het bos zal kunnen waarnemen, want de schrijver biedt hem een stortvloed van namen van zwarte stammen, leiders en plaatsen en een menigte van conflicten. De beste aanpak van een moeilijke stof als Grote Volksverhuizingen lijkt mij om eerst een bondig overzicht daarvan met enige hoofdlijnen en een beperkt aantal hoofdfiguren en botsingen te geven, waarbij de lezer niet te spoedig zal verdwalen, en om daarna een gedetailleerd hoofdstuk aan elke zwarte leider te wijden, zoals Rutgers heeft gedaan. Hij beperkt zich bovendien teveel tot militaire en politieke feiten. De meeste lezers zullen meer baat vinden bij uitvoeriger beschrijving van zeden, gebruiken en het dagelijks leven der zwarte volken voor, tijdens en na de Mfecane.

Dit brengt mij tot de verklaring van het ontstaan van de Mfecane, waarover veel onzeker is en daarom nog steeds wordt gediscussieerd. De m.i. beste verklaring is die van overbevolking van zwarten en hun vee in Noord-Natal, waardoor noodsituaties ontstonden, waarin sterke militaire leiders kans kregen hun macht te vergroten. Het bewijs daarvan valt echter moeilijk. Rutgers verwijst op p. 29 al te terloops naar deze verklaring.

Ik verwijst in dit verband naar de Grote Volksverhuizing in Europa tussen 375 en 568, toen het westelijke deel van het Romeinse rijk door invalende barbaren werd overweldigd. De vergelijking met de Mfecane ligt voor de hand, zelfs in de opbloei van het heldendicht en het epos, maar zij ontbreekt ook in *De zwarde Storm*, hoewel de schrijver als Continentaal Europeaan met de Europese Volksverhuizing bekend zal zijn. Ook in dit geval zal historische vergelijking leerzaam zijn, hoewel ook historische vergelijkingen mank worden, als ze te ver worden doorgevoerd.

De schrijver beklemtoont terecht de grote betekenis van de Mfecane voor de Grote Trek der Boeren uit Kaapland tussen 1835 en 1854. Deze Boeren richtten zich in de eerste plaats naar de gebieden in de Oranje-Vrijstaat, Transvaal en Natal, welke als ontvolkt door de Mfecane golden. De heden-dagse gebiedsverdeling tussen blanken en zwarte volken, waarbij de zwarte gebieden in een halve kring het blanke kerngebied omringen, dateert van de Grote Trek.

Een groot voordeel van *De Zwarde Storm* is het aantal van niet minder dan 21 landkaartjes. H. Rutgers-Van Dierman heeft 15 afbeeldingen naar oude prenten, o.a. van Charles Bell, getekend.

C DE JONG  
Pretoria

J G LE ROUX (geredigeer deur R T J LOMBARD), *Hugenotebloed in ons are*, R.G.N., Pretoria, 1988, Prys nie vermeld nie.

Dit is van pas dat daar met die derde eeufees van die Huguenot se aankoms in Suid-Afrika ook 'n genealogiese werk die lig sien.

Hierdie werk van J G le Roux is die 27ste publikasie van die welbekende reeks wat deur die Genealogiese Afdeling van die R G N uitgegee word. Soos die ander publikasies in die reeks is ook hierdie uitgawe oor die Huguenot-families van hoogstaande gehalte wat uitleg, inhoud en versorging 'betref.

Anders as die tradisionele genealogiese werke waar daar gepoog word om stamlyste oor so veel as moontlik generasies te laat strek, is slegs die eerste geslag in Suid-Afrika in hierdie publikasie opgeneem. Dit sal dus min waarde vir 'n Huguenot-afstammeling hê as hy op soek is na 'n genealogiese lys waarby hy aansluiting kan vind. Dit was dan ook nie die doel van hierdie publikasie nie, want sulke werke bestaan reeds en word voortdurend aangevul. Die waarde van die werk lê veel eerder in die agtergrond wat oor die families se verblyf in Frankryk en ander Europese state verskaf word vóór hulle koms na die Kaap. So ook word heelwat inligting verskaf oor hulle vroeë vestiging aan die Kaap. Laasgenoemde word duidelik geillustreer deur nie minder nie as sewe kaarte, terwyl kaarte ook die plek van herkoms van families in Frankryk self aantoon. Op hierdie wyse kan Huguenot-afstammelinge 'n geografiese aanknopingspunt gevind, beide in Wes-Kaapland en in Frankryk.

*Hugenotebloed in ons are* is in dertien hoofstukke opgedeel wat insluit "Voorlopers van die Huguenot", vier hoofstukke wat handel oor die verskillende streke van herkoms in Frankryk, "Vlugtelinge wat na die Kaap gekom het" en, onder andere, die dertiende hoofstuk wat oor "Families onder vlugteling-invoëld" handel. Onder laasgenoemde hoofstuk word families (vanne) soos Strydom, Blom, Kemp, Hartog en Wium behandel — almal nie-Huguenot-families wat deur die vroulike linie wel met Huguenot-families skakel.

Die boek bevat verskeie nuttige bylaes. Dit sluit in 'n alfabetiese naamlys van Huguenot waarin die datum van aankoms versterk word, asook plek van herkoms, plek van vestiging, naam van eggenote en aantal kinders, en 'n aparte skeepslys met passasierlys.

Daar word verskeie minder bekende historiese gebeure in hierdie werk beskryf, bv. die feit dat Marie Mouton saam met twee slawe die doodstraf vir die moord op haar man, Franz Jooste, opgelê is. Ongelukkig is daar van geen voetverwysings gebruik gemaak om die bronne aan te gee nie en is dit dus nie duidelik of die skrywer op hoogte is met die agtergrond tot hierdie gebeure nie. Marie Mouton was die eerste blanke vrou om aan die Kaap tereggestel te word — en wel deur verwurging. Juis omdat hierdie werk meer as net 'n genealogiese werk is, is die gebrek aan voetnote 'n leemte.

Weens die aandag wat die skrywer ook aan Nederlandse, Duitse en die (enkele) Oosterse voorstate gee is hierdie 'n werk wat meer as net persone met 'n Huguenot-van sal boei en behoort 'n plek op elke genealoog se rak in te neem.

H F HEESE  
Universiteit Wes-Kaapland

P S DE JONGH, *Sarel Cilliers. 'n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*, Perskor, Doornfontein, Johannesburg, 1987, 302 pp.

Hier in die 150ste gedenkjaar van die Groot Trek is daar die neiging om meer krities na hierdie tydperk in ons geskiedenis te kyk, as wat die geval was in 1938 tydens die 100ste gedenkjaar daarvan. Die gesigshoek het verskuif. Die gegewe word nie meer so sterk Afrikaans-patrioties betrag nie. Bogenoemde werk van prof. P S de Jongh (van die Universiteit van Wes-Kaapland) is 'n voorbeeld daarvan, veral as dit vergelyk word met G B A Gerdener se biografie oor dieselfde figuur wat in 1919 verskyn het. Gerdener skryf met meer piëteit en verering oor Cilliers as die geestelike leier van die Voortrekkers en die "vader van Dingaansdag". De Jongh probeer hom as gewone mens met deugde en gebreke van sy eie aan ons voor te hou. Dit het meegebring dat sekere mites afgebreek word. Cilliers is in sy oë nie die "vader van Dingaansdag" nie, ook nie huis die "groot geestelike leier van die Groot Trek" nie. Tog word ruimskoots erkenning verleen aan die rol wat hy gespeel het.

Na dit alles bly Sarel Cilliers 'n belangrike figuur en sy lewenspan dek 'n belangrike tydperk in ons geskiedenis. Gebore in 1801 in die Paarlse distrik (Schoongezicht, Daljosafat), groei hy op in die Sneeuberg-wyk van die distrik Graaff-Reinet, waarheen sy ouers verhuis het toe hy vyf jaar oud was. Hy groei op met die tipiese opvattinge en denkwyses van die veeboer-pionier. Hy het geen formele onderwys gehad nie maar het tog redelik leer lees en skrywe. Hy ontvang ook die gebruiklike kate-

tiese opleiding wat uitloop op aanname en lidmaatskap van die Ned. Ger. Kerk (Graaff-Reinet). Hy word 'n toegegewye kerkman en Christen reeds op 'n jeugdige leeftyd, met 'n volgehoue drang om die evangelië aan sy medemens te verkondig. Hy kom uit 'n talryke gesin en is later self die vader van 12 kinders.

Die ontberinge van 'n trekboerbestaan is hom nie gespaar nie. Hy is genoodsaak om met sy gesin uit te wyk na die Nuwe Hantam, Colesberg, waar hy self geen grond besit het nie en by tye oor die Oranjerivier getrek het vir weivelde.

Met enkele volgelinge trek hy in 1836 die Oranjerivier oor en sluit by die Potgieterstrek aan. Hy het 'n meer as gewone aandeel in die gebeurtenisse van die Groot Trek en ons vind hom terug oor die hele terrein: Blesberg, Soutpansberg (saam met Potgieter op soek na Louis Trichardt), oorkant die Limpopo (met die Bronkhurst-ekspedisie), Vegkop, Sandrivier, Mosega en die ander veldtog teen Mzilikazi, die laers in Natal (waar hy en sy gesin die moorde van Bloukrans vryspring), Bloedrivier (met die Geloof waaraan hy deel gehad het), Pietermaritzburg, Port Natal (stryd teen die Engelse), die veldtog teen Ncaphayi, sy plaas Welgevonden in Natal, Doornkloof in die Oranje-Vrystaat, 'n lang, aktiewe en 'n nuttige lewe, in 'n gebeurtenisvolle tyd.

As Voortrekker kom hy direk in aanraking met 'n aantal belangrike gebeurtenisse en krisismomente en hy speel 'n nie geringe rol daarin nie, hoewel nie so toonaangewend soos hy in sy joernal voorgee nie.

Om 'n oordeel oor sy persoon te vel is nie so maklik nie. Die laaste hoofstuk bevat 'n "Waardering, die mens en sy lewe". Tog is dit te betwyfel of die skrywer tot die kern deurge gedring het. Hy skilder Cilliers voor as 'n in homself teenstrydige mens: offervuurdig maar soms selfsugtig en eersugtig, versoenend maar ook veroordelend, vredeliewend maar soms skoorsoekend (soos teenoor Erasmus Smit). Hy het goeie dienste aan sy medemens veral in tye van krisis gelewer, maar op ander tye 'n onbegrypplik starre houding geopenbaar. Hy was goed bevriend met die trekleiers Potgieter, Maritz, Retief en Andries Pretorius en het miskien invloed op hulle uitgeoefen maar ons vind nêrens sy naam by die onderhandelinge nie. Sy belangrikste invloed was seker as voorganger by godsdiensbyeenkomste, maar ook dit is moeilik te meet. In sy godsdiens was hy soms kinderlik, soms geneig tot die mistieke. Miskint moet ons hom sien as 'n kind van sy tyd en ons oordeel moet daaraan gemeet word, aan sy tyd en die geestelike atmosfeer waarin hy geleef het. Tog was hy selfs vir daardie tyd bekrompe. Wat sy houding teenoor die swart inboorlinge betref is dit die vraag of die oordeel van Ogle, wat die kommando teen Ncaphayi vergesel het, aanvaar kan word: "He also attempts to prove, I suppose by logic that the Lord has decreed the annihilation of all the Black Tribes." (p. 189)

Na aanleiding van Sarel Cilliers se onverbiddelike geskil met Erasmus Smit en sy vrou Susanna oor kerklike angeleenthede is die oordeel van De Jongh baie fel: "Dit spreek boekdele dat hy (Cilliers) as huigelaar en vervolger van minder bevoorregtes beskou is. Dat hy veel klem op die uiterlike — kleredrag ensvoorts — gelê het, is ook nie te betwyfel nie. Voorts het hy sy eie vroom lewenswandel as onkreukbaar en foutloos bestempel en almal wat nie met hom saamgestem het nie, as teenstanders, sondaars, goddeloos, vervolgers, dwaalleraars, en so meer beskou. As 'n geheel gesien het sekere eienskappe na vore getree wat die vrome Sarel Cilliers in 'n heel ander lig stel." (p. 202)

Prof. De Jongh doen sy bes om 'n volledige beeld van Sarel Cilliers te skilder, maar ek glo nie hy slaag heeltemal daarin nie. Die laaste woord oor hierdie Voortrekkerfiguur is hiermee seker nie geskryf nie. Dit is ook moeilik om 'n geheelbeeld van 'n persoon op te roep waaroer die bronneskaars, uiteraard fragmentaries en soms teenstrydig is. Daar is seker baie sye van sy persoonlikheid wat nie uit die bronnes blyk nie. Ook die newefigure soos sy ouers, vrou en kinders bly baie vaag. Om daarin te vergoed voel die skrywer hom soms genoodsaak om sekere veronderstellings te maak. So kom die woorde *seker* en *waarskynlik* dikwels voor; byvoorbeeld: "Sarel was waarskynlik sprakeloos toe hy verneem dat hy die vader van 'n seun geword het", (p. 39), "Voor Sarel die lang tog aangepak het, sou hy seker ook gesorg het ..." (p. 68), "Met behulp van die kantaantekeninge het hy die Statetabybel bestudeer en bes moontlik gebruik gemaak van die Kategismus van Hellenbroek" (p. 80), "Sarel Cilliers wat toe 35 jaar oud was, het die 40-jarige Gert Maritz seker hartlik verwelkom" (p. 99), "... en die volgende dae en weke moes Sarel en Anna en die ouer kinders seker herhaaldelik van hulle wedervarings vertel" (p. 177) en so meer. Dit doen enigsins gedwonge aan.

Die skrywer het oor 'n wye veld navorsing gedoen, soos sy voetnote en uitgebreide bronnelys getuig. Tog meen ek dat hy sy bronnes nie altyd behoorlik getoets het nie. Enkele kere word die menings van die skrywers van sekondêre werke, soos Swart (p. 70) en Theal (p. 119) as feitelijk aanvaar. Hy staan tereg baie krities teenoor Cilliers se Joernaal, maar ek meen tog dat hy hierdie bron aan noukeuriger ontleding moes onderwerp het.

Na my oordeel kom daar enkele onjuisthede of verskrywings in die boek voor. Ek noem die volgende, nie by wyse van kritiek nie, maar as regstelling. 'n Veeplaas van 57 morg lyk vir my

onwaarskynlik klein. (p. 43). Blesberg is nie naby Warrenton geleë nie (p. 79). 'n "Molopo-reeks" onderweg na Soutpansberg kan ek nie vind nie (p. 83). Die laer by Vegkop het nie teen die helling van die kop gestaan nie maar aan die voet daarvan (p. 89). Dit is vir my ongewoon dat van die "Memorie" van Paul Kruger na aanleiding van die Engelse uitgawe *Memoires* geskryf word (p. 90) terwyl dit oorspronklik "Gedenkschriften van Paul Kruger" is. Die trekroetes van die strafekspedisie teen Mzilikazi word uitvoerig beskryf soos dit waarskynlik sonder kritiek oorgeneem is uit Potgieter en Theunissen se biografie van Andries Hendrik Potgieter (p. 120). Saailaer was wel naby Loskop maar nie by Estcourt nie (p. 147). Die bewering dat die voorname om 'n gelofte af te lê op 5 Desember 1838 aan die kommando bekend gestel is, berus op 'n veronderstelling van ander skrywers maar daar is geen bewys daarvoor nie (p. 157). Die aanname dat die gelofte die eerste keer by die Wasbankspruit afgelê is, is, volgens my interpretasie van die bronne, nie seker nie (p. 157). In die beskrywing van die slag by Bloedrivier word geen aandag aan die geveg in die sloot gegee nie, wat in Sarel Cilliers se herinneringe so sterk na vore kom (p. 158). Dat die kommando met waens 80 kilometer in een dag getrek het, lyk my onwaarskynlik (p. 170). Die datum in voetnoot 1 op bladsy 176 moet waarskynlik 1843 in plaas van 1834 lees. Dat die boek sonder register verskyn, vind ek onverskoonbaar; dit doen afbreuk aan die wetenskaplike gehalte en bruikbaarheid daarvan.

Hierdie werk sluit aan by 'n opvallende aantal biografieë wat oor figure uit die Groot Trek geskryf is. Ek noem die volgende: Preller, *Retief* 1912 en *Pretorius* 1937; Gerdener, *Cilliers* 1919; Thom, *Maritz* 1937; Liebenberg, *Pretorius* 1977; De Jongh, *Erasmus Smit* 1977 en *Cilliers* 1987. Hieroor sal 'n interessante vergelykende studie gemaak kan word.

F J DUT SPIES

KAREL SCHOEMAN, *Bloemfontein in beeld/Portrait of Bloemfontein, 1860—1910*, Human & Rousseau, Kaapstad, 1987, 191 pp., illus, kaart, indekse, R50,00 + AVB.

In 1980, die eeufeesjaar van die Bloemfonteinse Munisipaliteit, verskyn Karel Schoeman se tans bykans onverkrygbare *Bloemfontein, die ontstaan van 'n stad 1846—1946*. 'n Kenmerk van hierdie publikasie was die fotoeksie van 80 bladsye agter in die boek wat 175 foto's bevat wat, om prysbesparende redes, nie in die teks geplaas is nie. Hierdie foto's het by die deurkyk daarvan die beeld van hierdie stad se ontstaan en geskiedenis verder aangevul. Alhoewel Schoeman hom primêr tydens die skryf van hierdie werk gesien het as 'n romanskrywer wat die geskiedenis met alle piëteit aanviel, het hierdie werk en die aanvullende Bloemfonteinse katalogus by die Openbare Biblioteek, sedertdien 'n standaard naslaanbron oor die stad se geskiedenis geraak.

Die tweetalige werk wat hier geresenseer word, dien inderdaad as 'n verdere verlengstuk van bogemelde boek, alhoewel die periode wat dit dek, sowat vier dekades korter is. Sedert die verskyning van hierdie werk het daar reeds 'n aantal resensies daarvan verskyn en daaruit blyk datveral twee kenmerke van dié fotoboek die resensente opgeval het. Eerstens word daar verwys na die geslaagde oordrag d.m.v. eietydse foto's van die ontstaansverhaal van hierdie stad vanaf die armoedige grasdak behuisde gehuggie tot die trots hoofstad van die modelrepubliek met sy sierlike ontwerpte meer verdiepinggeboue en spogwoonhuise. 'n Verdere aspek wat kommentaar ontlok het, was die skrynende gewaarwording van hoe dié eens waardige stadskern onder die slopershammers verdwyn het sodat bykans geen van die ouer geboue vandag meer te vinde of dan herkenbaar is nie — hul enigste monument is hierdie visuele rekord.

Die 493 foto's in hierdie boek dek 'n wye spektrum van plekke, persone en gebeure. Die vroegste dateerbare foto is geneem tydens die besoek van Prins Alfred in Augustus 1860 en die laaste lê 'n rondedans op die Fichardts se plaas Brandkop, tydens die Uniedagviering 31 Mei 1910, vas met die onderskrif: "die einde van die Vrystaat as 'n selfstandige entiteit, en 'n einde van 'n era vir sy hoofstad".

As hierdie fotoboek vergelyk word met dié wat in die afgelope jaar of twee verskyn het met Kimberley, Krugersdorp, Durban en selfs Johannesburg as onderwerp dan is dit juis die belangstelling van Schoeman in die mense van die plek wat hierdie boek in 'n kader van sy eie plaas. Dit bevat portrette van vooraanstaande manne en hul gades, hul kinders (wat later in hul spore sou volg) en hul vriende: daar is die Barlows, die Brands, die Collins, die Fichardts, die Fischer, die Frasers, die Leviseurs, die Ramsbottoms, die Reitze, die Steyns en nog talle meer. Dit is nie slegs Blankes wat figureer nie, want die enkele foto's wat van die swart inwoners en van hul woonbuurt, Waaikoek, opgespoor kon word, is ook opgeneem.

Die inhoudsmateriaal is breedweg in periodes ingedeel, 1860—1870, 1870—1890, 1890—1899, 1899—1902 en 1902—1910, elk met 'n bondige inleiding wat uit 'n sin of twee bestaan. So tussendeur

word daar veral in die Afrikaanse teks tipiese droë Schoeman-spitsvondighede toegekom: "die kaptein van Grey Kollege se rugbyspan, bewapen met die Vrystaatse Vierkleur", "die bibliotekaresse, mnej Rose in haar domein ...". (Mej Rose gesete in 'n leunstoel naby die kerkorrel in die biblioteek wat voorheen 'n kerkgebou was). Dan is daar ander ongewone interessanthede: die gesin Tolkien met die babaseun wat later 'Lord of the Rings' sou skryf, 'n riksja met passasiers, huise in aanbou, detailgewende interieurs van rykmanswonings en hotelle, herstellende verpleegsters met kortgeknipte hare, ereboë, oralteenwoordige vriendelike honde, pieknieks, ens. ens. Die Engelse byskrifte word egter soms onnodig verskraal en daar mee gaan daar beslis iets van die essensie van die oueur se subtiele boodskap verlore.

Die boek is voorsien van 'n goeie Afrikaanse naamindeks waarin verwysings, waar nodig, van afwykende Engelse vorms voorkom. Die onderwerpregister word in Afrikaans en Engels aangebied, terwyl die lys van foto-erkennings baie duidelik aandui wat die voorsieningsbron van die foto's was, in hierdie geval hoofsaaklik die Vrystaatse Argiefbewaarplek en die Nasionale Museum. Die uitvoukaart van die Bloemfonteinse middelstad circa 1900 vergemaklik inderdaad die plasing van die foto, veral vir kykers wat nie vertroud is met die stad nie. Die gekleurde omslag en die skutblaaisie is vergrote foto's wat die leser onmiddellik in die boek se atmosfeer plaas.

Net soos by die publikasie van Schoeman se eerste boek oor Bloemfontein het prof P J Niehaber 'n deurslaggewende rol gespeel deur finansiële steun te bekomen om hierdie duur publikasie binne die koopvermoë van die navorser en die belangstellende te plaas — 'n feit wat Schoeman ook in sy voorwoord beklemtoon.

DUX VAN DER WALT  
Openbare Biblioteek, Bloemfontein

**KAREL SCHOEMAN** (red.), *The Bloemfontein Diary of Lieut. W.J. St John 1852—1853*, [Vrijstatia 9], Human & Rousseau: Pretoria en Kaapstad, 1988, 120 pp., R24 + AVB.

*The Bloemfontein Diary of Lieut. W.J. St John* is die negende publikasie in die Vrijstatia-reeks wat in 1982 die eerste keer sy verskyning gemaak het. Al die publikasies tot dusver was onder die vlerk van die bekende skrywer Karel Schoeman. Sonder teenspraak kan gesê word dat hy die lof verdien wat hom deur die jare toegeswaai is omdat hy hierdie uitsonderlike reeks so getrou die lig laat sien het. Die reeks het hom ten doel om Vrystaatse geskiedenis wat in veral dagboeke en ander manuskripte verskans lê, bekend te stel.

In nommer 9 kom die lewe van 'n Britse offisier in die Oranjerivier-Soewereiniteit, soos die Oranje-Vrystaat voor republiekwording in 1854 bekend gestaan het, aan die beurt en wel deur die dagboek van luit. William Jones St John. 'n Dagboek, hoe vervelig ook al soms, bly in vele opsigte 'n fassinerende publikasie om te lees omdat die mens, wat van nature 'n nuuskierige wese is, die geleenthed gegun word om in die lewe van 'n totale vreemdeling te loer.

Die Oranjerivier-Soewereiniteit het op 3 Februarie 1848 tot stand gekom toe die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier as Britse besitting verklaar is. In Mei 1852 is die twintigjarige Ier, W J St John, as luitenant in die Royal Artillery te Bloemfontein gestasioneer. Sowat twintig maande later sterf hy aan disenterie. In 'n enkele volume van sy dagboek wat behoue gebly het, skep hy 'n veelseggende en duidelike beeld van die dikwels troosteloze lewenswyse van 'n offisier in die klein en geïsoleerde militêre en handelspos, Bloemfontein, gedurende die pre-republikeinse era.

Schoeman bied sy publikasie smaakkvol aferond aan. Sy inleiding tot die dagboek is op sigself 'n stukkie betekenisvolle geskiedenis oor Bloemfontein en die Oranjerivier-Soewereiniteit gedurende daardie jare. Die inleiding is verdeel in vyf onderafdelings waarin hy die leser deeglik met die dagboek vertroud maak. Eerstens is daar 'n taamlike volledige familiegeskiedenis van St John, asook sy aankoms in Bloemfontein; tweedens 'n insiggewende beskrywing van Bloemfontein en sy militêre en handelsmilieu waarin die luitenant hom bevind het; derdens die rede waarom die redakteur dit as noodaanklik beskou dat die dagboek gepubliseer moes word; vierdens die afsterwe van St John en vyfden die opspoor, voorkoms en uiteensetting van die dagboek self.

Om aan die leser 'n verdere blik op die dagboektydperk te gee, word drie interessante kontemporêre beskrywings van die Oranjerivier-Soewereiniteit en Bloemfontein as sodanig onmiddellik ná die dagboekinskrywings verskaf. Deur middel van 'n voetnootstelsel voorsien Schoeman relevante inligting oor mense en gebeure wat in die dagboek voorkom, terwyl hy menigmaal St John se idiosinkrasieë wat woordgebruik aanbetrif, moet toelig (bv. "yaking die wyld" = jaag die wild). Nietemin het St John 'n gemaklike skryfstyl en kom hy as 'n intelligente en opmerksame jongman voor.

Die boek is verder versier met enkele toepaslike foto's (dit is jammer dat daar blybaar nie een van St John opgespoor kon word nie), terwyl 'n volledige register verskaf word. 'n Kaart wat die jagtgotte en ekspedisies van St John aandui, sou beslis 'n waardevolle toevoeging gewees het.

'n Lys van aanbevole kontemporäre en hedendaagse literatuur oor die Oranjerivier-Soewereiniteitstydperk word ook voorsien. Dit doen vreemd voor dat Schoeman, wat sy 'huiswerk' deeglik vir die publikasie gedoen het, nie die twee bekende werke van M C E van Schoor, *Politieke groeperinge in Transgariep* (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, 1950/II) en *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1854* (Argiefjaarboek vir SA Geskiedenis, 1964/II) hier bygevoeg het nie. Die boek van J Haasbroek, *Die Engelse gemeenskap in die Oranje-Vrystaat 1848–1859* (Mem. nas. Mus., Bloemfontein, 15) sou ook met veel vrug hier geplaas kon word.

Waarin lê die waarde van die dagboek? St John se beskrywing van die Berea-veldtog, wat hy meegebaar het, is uiteraard van historiese belang. Sir George Cathcart, die Kaapse goewerneur, het in 1852 met 'n groot troepe mag na die Soewereiniteit opgeruk om die opstandige Basoeto's 'n les te leer, maar het 'n gevoelige en vernederende nederlaag tydens die slag van Berea gely. Die slag word heel aangrypend deur St John weergegee. Hy het Cathcart se oneervolle optrede tydens die slag ernstig aangespreek: "Horrible! Horrible! Horrible!!! As if the blood of our murdered soldiers whose bodies were lying to rot unburied somewhere on the plain within a mile or two of upward of two thousand of their comrades did not cry aloud for vengeance." (p. 41). Het u geweet dat Cathcart se bynaam onder sommige soldate "Boots" was omdat hy sulke groot stewels gedra het?

Daar kan egter heelhartig met Schoeman saamgestem word wanneer hy sê: "The value of his diary as a whole lies in the day-to-day picture it gives of life in the garrison at Bloemfontein with its inevitable narrowness and monotony, and its incidental portrayal of the present Orange Free State during the first decades of White settlement".

'n Tendens wat inderdaad duidelik uit die dagboek kristalliseer, is die vervelige en eensame bestaan wat 'n Britse militêre offisier gedurende daardie jare in Bloemfontein gevoer het. St John het die dae verwyd deurveral biljart te speel, te lees, te slaap, te eet, af en toe skaak te speel, urelange geselsies met vriende en kennisse (die joviale grondbaron A H Bain kan onder ander hier genoem word) en Bybelstudie. Op 21 Oktober 1852 bevat sy dagboek net een woord: "Billiards". Die gebrek aan vrougeselskap was opvallend. Eienaardig genoeg boei St John se 'saai' bestaan die leser omdat 'n mens saam met hom van dag tot dag lewe en hoop dat iets opwindends sal gebeur om sy gang van "snooze" en biljart te onderbreek. Dit gebeur dan wel met die Berea-veldtog, sy reis en jagekspedisie na Harrismith en die Drakensberge en sy vele jagtgotte in die omtrek van Bloemfontein.

Hoewel St John geen jagter van formaat was nie, het hy verskeie jagtgotte onderneem om sy lewe op te beur. Sy beskrywings van die wilde diere op die Vrystaatse vlaktes is insiggewend. Deur sy vertellings kom 'n mens weer eens onder die besef van die groot getalle wildsoorte, veral wildebeeste, wat in die Vrystaat voorgekom het en wat selfs teenaan die buitewyke van Bloemfontein teenwoordig was. Ongelukkig het St John hom ook skuldig gemaak aan die gebruik van daardie jare, naamlik om blindelings en na hartelus vir die pret onder die wild te maai. "The herds were so large that sometimes when you jumped off [a horse] to fire you could see nothing but dust," beweer hy op p. 68. Die feit dat daar dikwels nie eers die moeite gedoen is om gekwesde diere op te spoor nie omdat die perde te moeg was of die donker toegesak het, laat 'n wrang smaak op die leser se lippe.

Hierdie dagboek en menslike dokument is nie net 'n kleinnoed vir diegene wat in Bloemfontein en die Vrystaat se begingeskiedenis belangstel nie, maar ook vir die dierkundige, die antropoloog en die algemene leser. SASOL kan hartlik bedank word vir sy ruim finansiële ondersteuning om die besonder keurige publikasie moontlik te maak. Aangesien die Vrijstatia-reeks 'n beperkte omset het en nie winsgewend is nie, is finansiële steun van groot instansies van die allergrootste belang om die waardevolle reeks se voortbestaan te verseker.

J HAASBROEK  
Nasionale Museum Bloemfontein

**GERHARD-MARK VAN DER WAAL**, *Van Mynkamp tot Metropolis — die boukuns van Johannesburg 1886 tot 1940*, Chris van Rensburg Publikasies, vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1988.

Die boek met sy aanloklike titel is 'n pionier in die Suid-Afrikaanse kultuurhistoriese literatuur. 'n Pikante feit as 'n mens die pioniersaard van die onderwerp self in ag neem. Johannesburg as stad is 'n blitsverkoper in sosiale, ekonomiese, politieke en argitekturele oopsig. Sy skielike ontstaan, sy snelle groei, sy onstuitbare opstapeling tot 'n stad van wêreldaansien het al baie onderwerpe gelewer vir

boeke, die teater en die musiekverhoog. Maar die werklike ontsluiting van Johannesburg, 'n stad wat in sy totaliteit gesien word is nou vir die eerste keer geboekstaaf.

Weliwaar het Van der Waal 'n streng wetenskaplike maatstaf gehandhaaf, maar vir die leek is daar ook die plesier van eerstens die uitstekende, vonkelende taalgebruik, die ryke versameling foto's en diagramme asook 'n kronologie van 'n stad se bestaan.

Johannesburg het so vinnig ontwikkel dat selfs sy stadsbeplanning amper ad hoc plaasgevind het. Van der Waal neem die leser dwarsdeur die tydsgees van die vroeë, waagmoedige amper uitbundige besteding van geld aan wonings, herehuise en openbare geboue wat die flamboyante Europese style nageboots het tot die ietwat bleek, stywer Eduardiaanse tyd tot uiteindelik die viering van die sogenaamde Johannesburgse Internasionale styl.

Dis interessant om die gedagtes en beplanning agter kerke en handelsgeboue te wete te kom; ook kom teaters en sinagoges en banke onder die loep.

Voorstede kry nuwe betekenis in die boek: van die laer inkomste-gebiede wat uitwaaier na middelklasbuurtes tot uiteindelike ongelooflike ryk, weelderige buurtes waar strate met lanings vir die wandeljaar uitsigte bied van praalwonings met indrukwekkende tuine. Van der Waal bied 'n paar waardevolle blikke op die interieur van sulke huise in foto's aan.

Hierdie bydrae tot boukunsliteratuur sal sekerlik as aanmoediging dien om ons ander metropole, selfs kleiner dorpe so te ontleed. Die boek bevat soveel bewyse van 'n merkwaardige argitektuur in ons verlede en gevolglik word die leser gedurig intens geplaas oor die ontsaglike verliese wat Johannesburg al gely het deur die argelose vernietiging van ouer geboue om plek te maak vir nuwes. Die boek is derhalwe ook 'n monument vir bewaring.

Ek vind dit jammer dat die boek wat goed versorg is in die hedendaagse populêre sepia tint gedruk is. Ek dink dit sou varser en "belangriker" in swart en wit gewees het.

En, soos Van der Waal self erken, die boek is onvolledig in die oopsig dat die swart woonbuurtes nie behandel word nie, veral omdat swart arbeid en handel in so 'n groot mate verantwoordelik was vir die groei en bloei van Johannesburg. Hy stel dit baie uitdruklik dat sulke studies nou dringend noodsaaklik geword het.

HANNES MEIRING  
Pretoria

**FRANSIE ROSSOUW** (samesteller), *South African Printers and Publishers 1795–1925. From a South African Bibliography to the year 1925*, Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, 1987, 253 pp., geen prys vermeld nie.

In die voorwoord van hierdie naslaanwerk word gesê dat dit 'n uitvloeiel is van *A South African Bibliography to the year 1925* (SABIB) wat in 1979 deur die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek gepubliseer is. Inderdaad is dit so dat sommige van die inligting wat in daardie publikasie vervat is, nou deur *South African Printers and Publishers 1795–1925* meer toeganklik gemaak is. Ongetwyfeld het Fransie Rossouw en die SA Openbare Biblioteek deur dié verdere stap te neem navorsers 'n geweldige guns bewys.

Vir baie jare was die *Union List of South African newspapers* wat in 1949 onder die reeksredakterskap van D H Varley verskyn het, die enigste maklike gids tot koerante, waarvan sommige lankal reeds opgehou het om te bestaan. Daarna is die lys *South African newspapers on microfilm* die eerste keer in 1975 deur die Staatsbiblioteek gepubliseer. Uiteraard was dit egter nie 'n volledige lys nie, hoewel dit 'n uiters nuttige kort geskiedenis van elke koerant op mikrofilm bevat het. Daarop het in 1983 gevolg *A List of South African newspapers 1800–1982*, ook deur die Staatsbiblioteek uitgegee. Dit was 'n besonder bruikbare lys wat Suid-Afrikaanse koerante alfabeties gelys het met vermelding van die datums van publikasie (met onderbrekings) asook die biblioteke waar hulle beskikbaar is.

Nou het navorsers en bibliotekarisne uit die pen van Fransie Rossouw 'n addisionele vind- en hulpmiddel gekry wat nie, soos SABIB, meestal slegs die uitgewer aantoon nie, maar ook die drukkers lys. Die inhoud is streng alfabeties gerangskik, maar daarbenewens is daar ook 'n geografiese indeks waarin die publikasies alfabeties volgens provinsies gerangskik is, en 'n chronologiese indeks, ook volgens provinsies (met Lesotho ook by die Oranje-Vrystaat ingesluit). Soos die voorwoord aantoon, stel dit die gebruiker in staat om onmiddellik te kan vasstel hoeveel drukkers en uitgewers daar in elke dorp of stad en in enige bepaalde jaar was.

Elke item bevat eerstens 'n kort geskiedenis van die betrokke maatskappy of persoon, daarna 'n kernagtige aanduiding van die bibliografie waaruit die inligting verkry is, en daarna 'n volledige lys van publikasies van die betrokke koerant, met aanduiding van onderbrekings, ens. Soos dit enige wetenskaplike publikasie betaam, is daar ook 'n volledige bibliografie wat tien bladsye beslaan. 'n

Opvallende weglatting in die bibliografie is die uiters verdienstelike werk van Les en Donna Schwitzer *The Black Press in South Africa and Lesotho* (G.K. Hall & Co., Boston, Massachusetts, 1979).

Watter gebreke daar ook al in hierdie werk van Rossouw mag wees, dit is 'n onontbeerlike stuk gereedskap vir enige persoon wat die naam navorser en bibliotekaris ens., word is. Mense soos Fransie Rossouw verdien groot erkenning van die navorsingsgemeenskap.

Soos met alle publikasies, is daar ook in hierdie een dingetjies wat 'n mens anders sou wou gehad het. Dit is byvoorbeeld jammer dat vir die itemopskrifte, wat, heeltemal tereg, in vet letters gedruk is om dit te laat uitstaan, nie 'n ander lettertipe gebruik is nie. Die veldruk maak wel 'n netjiese vertoning op die bladspieël, maar ongelukkig vloeи die letters heel dikwels in mekaar en dit bemoeilik die leesbaarheid daarvan. Dit is egter maar 'n saak van mindere belang wat buitendien in 'n herdruk of tweede uitgawe reggestel kan word.

'n Publikasie wat sulke basiese inligting soos hierdie bevat en wat sulke obskure uitgewers soos 'Die Boerevrou'-kantoor in 1925 in Pretoria, wat vir net dié een jaar *Die Boerevrou* deur die Noordelike Drukkers Maatskappy laat druk het (p. 15) — en vele ander — aan die vergetelheid ontstruk, kan beswaarlik te hoog aangeprys word.

'n Mens sou bitter graag wou sien dat hierdie waardevolle werk een of ander tyd verder as 1925 geneem word.

D H HEYDENRYCH  
Afdeling Toegepaste Geskiedenisnavorsing  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

J P BRITS, *Tielman Roos — Political prophet or opportunist?* Unisa, Pretoria, 280 pp., R35,00.

Japie Brits het hom oor die afgelope dekade onderskei as kenner van die omstrede politikus en opportunist, Tielman Roos, op sy dag byna Suid-Afrikaanse premier met genl. Barry Hertzog en Jan Smuts in sy kabinet. Sy doktersproefskrif van 1978 is 'n jaar later opgevolg met sy werk, *Tielman Roos — sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907—1935* (Makro-boeke, Pretoria). Dit is pas opgevolg met sy bondiger Engelstalige werk oor Roos. Die neiging bestaan deesdae by uitgewers om bondiger werke die lig te laat sien. Langer biografiese werke vind uiteraard minder byval by Jan Publiek.

Wat met die eerste oopopslag reeds by hierdie werk opval, is die puik kwaliteit druk en tipografiese werk van Perskor, wat 'n skerp teenstelling is met die Afrikaanse werk oor Roos wat deur Makro-boeke uitgegee is. Die stof van laasgenoemde publikasie is ook in dié uitgawe vanaf 506 pp. tot 280 pp. gereduseer. Benewens die puik tipografie is die werk keurig en netjies deur Perskor afergerond.

Die huidige tendens om, benewens Suid-Afrikaanse premiers wat in die verlede die kalklig geestel het, ook voorste politici se politieke loopbane in die kollig te plaas, is besonder verbluyend. Juis om hierdie rede moet Brits se publikasie as 'n welkomme bydrae beskou word. Daar bestaan geen twyfel dat die outeur baie simpatiek teenoor Roos staan nie. Tog probeer Brits ook wetenskaplike kritiek bly teenoor die Leeu van die Noorde [vgl. p. 49 waar Hertzog en Roos as sprekers vergelyk word]. Dit is jammer dat so min bekend is oor Roos se jeug- en skooljare (by SACS). Brits bely dat dit 'n probleem was (p. 11).

Dit is egter geensins 'n vraagstuk eie aan dié werk nie; dit is inderdaad 'n struikelblok waarmee die historikus in sy soek na die waarheid dikwels worstel, naamlik leemtes wat weens gebreklike getuienis nie gevul kan word nie. Uit die inligting wat wel versamel is, blyk dit duidelik dat Brits as deeglike, wetenskaplike navorser uit sy pad gegaan het om soveel insiggewende inligting oor Roos as moontlik te versamel. Op dié wyse kry die leser tog 'n kykie in die vormingsjare van hierdie staatsman wat veral vanaf 1914 tot 1934 so 'n prominente rol in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis gespeel het.

Brits stel dit duidelik dat Roos se milieo uit en uit Engels was. Onwillekeurig kom die vraag op: Wat het die kentering by Roos gebring wat hierdie Kaapse boorling laat besluit het om hom by Afrikaner-nasionaliste soos genl. Hertzog, Piet Grobler, Hans Strijdom en andere te skaar? Dit word in 'n mate toegelig en daar word op gewys dat Roos se politieke oortuigings in die Transvaal tot volle wasdom gekom het (pp. 15 en 229). Die historikus wat so 'n verwyderde onderwerp van meer as vyftig jaar gelede hanteer, worstel steeds met vrae soos: waar en wanneer het die politieke kentering by Roos ingetree; was daar een of meer persone wat Roos se Afrikaner-nasionale sentemente en republikeinse oortuiginge na die oppervlak gebring het (die rol van Reitz, Oost en te Water word wel uitgeleg); wat was sy kontak met Hans Strijdom, Barry Hertzog en ander? Hoewel Brits dit wetenskaplik probeer verklaar, is dié legkaart nie ten volle voltooi nie. Vanweë afstand en gebreklike getuienis ná vyf dekades kan egter beswaarlik verwag word dat so 'n legkaart 'n geheelbeeld sal gee.

'n Sprekende voorbeeld hiervan is Roos se "rondvallery" in sy beroepskeuses tussen 1902 en 1904. Waarom het Tielman in dié tydperk gesukkel om werksbevrediging te kry? Brits stel dit duidelik dat hy hierop geen bevredigende antwoord kan verskaf nie.

Roos was nie net opportunis en politieke profeet nie; hy was ook eksentriek en het byvoorbeeld dit dikwels nie nodig geag om brieue te beantwoord nie. Hy was kennelik nie lief vir vergaderings en debatte nie (behalwe natuurlik dié waarin hy self die septer geswaii het!). Na slegs 'n jaar in die Pretoriase Stadsraad besluit hy om te bedank. Het hy toe reeds besluit om hom in die toekoms aan die politiek te wy en sy gewig by genl. Hertzog in te gooi?

Hierdie werk van Brits lees baie vloeiend en hy slaag deurgaans daarin om op kundige wyse die nodige agtergrond van politieke gebeure te verskaf en die lewe en werk van Tielman Roos tussen-deur in te vleg, met Roos deurgaans die sentrale figuur. Ook die politieke groei van die Nasionale Party en die prominente rol van Roos word goed geskets.

Weinig Suid-Afrikaanse staatsmanne het die versiendheid van Roos openbaar; hy was politieke waarnemer en vertolker uitstek en boonop geseen met 'n skerp brein. Die meerdere steun van Afrikaners aan die Arbeidersparty het Roos reeds vroeg opgeval (p. 41). Hy het reeds in 1928 die produksie van olie uit steenkool voorsien (p. 118) en het geglo dat dit die waarde van Suid-Afrikaanse steenkool aansienlik sou verhoog. Ook sy tale menslike en ander fasette word na vore gebring – sy humorsin, sy versugtinge, die anekdote rondom Roos, sy dikwels onverskillige houding teen normale gebruik en praktyke, sy onhandigheid, sy liefde vir sy kinders, sy kerklosheid, sy kleredrag en sy lewenstyl.

Ook Roos se sleutelrol in die Vryheidsdeputasie van 1919 word sterk uitgelig. Hy is dikwels polities voortvarend en skroom nie om as pleitbesorger vir 'n republiek in te tree nie. Politieke diskressie is nie altyd 'n kenmerk van Roos se optrede nie, vandaar die kloof wat vroeg reeds besig was om tussen hom en dr. Malan in Kaapland te vorm. Brits, wat hom as 'n deeglike navorser bewys het, verklaar nie waarom Roos nie die belangrike kongres van NP-hoofbesture op 6 en 7 Augustus 1918 in Bloemfontein bygewoon het nie (p. 59). Nog 'n voorbeeld van 'n gebrek aan diskressie en takt is Roos se verwysing na die 1918-grip as "Khakipes" (p. 67). Wat egter sekerlik vir premier Hertzog op die lange duur die meeste ten opsigte van kabinetskollega Roos gepla het, was die wyse waarop hy by verskillende geleenthede 'n aspek van 'n mede-kabinetslid se staatsdepartement aangeval het (bv. pp. 125–6). Hy was inderdaad 'n minder lojale lid van die Hertzog-kabinet, dog iemand wat weens sy invloed en charisma vir die premier goud werd was. Brits sê tereg dat Roos se aanvalle op portefeuiljes buite sy eie onverskoonbaar was (p. 126). Roos was ook in 'n mate moedswillig. Hy het sy premier, Hertzog, geken as 'n perfeksionis, iemand wat net die beste van sy kollegas gevra het. Juis daarom moes Roos se gedurige afwesigheid van kabinetsvergaderings sekerlik die kloof tussen hom en Hertzog algaande verder vergroot het. So 'n onverskillige houding sou beslis nie Hertzog se goedkeuring wegdra nie.

Dit is interessant dat Roos, wat in 1933 bereid was om met die SA Party van genl. Smuts in 'n "Best Man Government" saam te werk, in Oktober 1918 hereniging met dié Party as net so onmoontlik beskou het as om met die duiwel te herenig. Hierdie man neem ook die leiding in die Transvala om hereniging te verwerp en verklaar onomwonde dat hy nooit met genl. Botha of genl. Smuts in dielfde kabinet sou dien nie!

Vir die oningeligte leser word daar ook lig gewerp op die latere onmin met *Die Burger* en die Kaapse Nasionaliste na die onenigheid oor hereniging by die Robertson-kongres (p. 71). Roos word voorgehou as iemand wat onomwonde sy standpunt/voorraarde stel en dan terugsit – aanvaar die voorraarde of verwerp dit! Hierdie gesindheid kom na vore tydens sowel die Bloemfonteinse herenigingskongres (September 1920) as ten opsigte van sy standpunt oor die bywonning van volksraadsittings in die Kaap (p. 81).

In teenstelling met sy leier, genl. Hertzog, was Tielman Roos 'n opportunis by uitnemendheid – ook die Randse Staking van 1922 sou vir hom 'n geleenthed vir politieke gewin wees. Vir hom was dit die kans om die Arbeidersparty nader te trek, die Nasionale Party te versterk en die SA Party verdag te maak. Hy het nie gehuiwer om by die staking betrokke te raak en vir die stakers in te tree nie, wel wetende dat gesindhede gekweek word en dat daar vorentoe hande met die Arbeidersparty gevat sou kon word.

Die leser bly tog wonder oor sake soos die volgende:

- Waarom het Tielman steeds in Engels aan sy toekomstige vrou, Bettie van Reenen, bly skryf?
- Wat het Roos laat besluit om huis die ou Daimler van genl. Beyers te koop? Was dit sentimentele oorwegings?
- Waarom word gebruik gemaak van Afrikaanse aanhalings, waarna die vertaalde weergawe daarvan ook weergegee word? Kon daar nie maar volstaan gewees het met bloot die vertaalde weer-

gawe nie?

- Kan daar onomwonde verklaar word dat 'n Nasionale Party/Arbeidersparty-pakt die algemene verkiezing van 1920 sou wen? (p. 94). In plaas van "would have ensured an electoral victory" kon daar eerder gepraat word van "could have ensured an electoral victory".

Wat eweneens 'n interessante feit is, is dat Roos en Hertzog se plase in onderskeidelik Rustenburg en Witbank dieselfde naam, Waterval, gehad het — iets wat Brits nie openbaar nie.

Ook swart verset/nasionalisme word in die kollig geplaas. Tielman Roos is teen 1928 bekommert oor swart verset teen blanke heerskappy. Sy vrou moes van hom hoor: "Politics are beginning to frighten me because the bias in favour of the nigger is becoming stronger ... We are rapidly therefore approaching the phase when a Black South Africa is becoming inevitable owing to the treachery of the Whites."

Heel tereg word 15 bladsye aan die belangrike vlagkwestie afgestaan, 'n vraagstuk waar die immer teenwoordige Roos weer eens ongevraagd 'n kollega se terrein betree. Dit sou Roos en Malan nog verder van mekaar vervreem. Oor die jare tree die verwijdering met genl. Hertzog ook al sterker in en telkens bevind die premier hom in 'n ongemaklike, onbenydenswaardige posisie weens die dikwels voortvarende uitleatings van die Leeu van die Noorde. Geen wonder nie dat Hertzog na 1929 botweg geweier het om Tielman Roos weer in sy kabinet op te neem of om in 1933 met hom saam te werk om genl. Smuts uit die politieke kussings te hou. Die feit dat Roos dikwels die steun van geesgenote in sy uitsprake geniet het, was geen regverdiging vir sy onkonvensionele optrede nie [vgl. p. 153]. Tog bly dit juis hierdie onkonvensionele optrede van Roos wat hom in 'n kader van sy eie plaas en die lesser boei. Min mense sou Roos se optrede tydens die besoek van die Prins van Wallis aan Pretoria in 1925 hom kon nadoen — inderdaad 'n individualis by uitnemendheid!

Die aanloop tot Roos se idee van 'n sentrale party en die moontlike implementering daarvan word goed geskets, terwyl die belangrikste oorsake vir die kloof tussen Hertzog en Roos in 1928 pragtig uitgelig word. Met Roos se bedanking uit die Hertzog-kabinet na die 1929-verkiezing word inderdaad 'n nuwe era ingelui.

Vanaf 1931 toon Brits waarom Roos ook by uitstek bekend was as 'n opportunist — eers word ID F Malan genader, dan skakel hy met Piet Grobler en onderhandel met Oswald Pirow; dan volg 1932 en 'n gemanuseerde Roos sit agteroor en geniet al die bespiegelinge oor sy politieke toekoms. Die lyn van die verhaal word prikkelend deurgegetrek en verskaf interessante leesgenot.

Met sy terugkeer op die politieke verhoog in Desember 1932 het Roos andermaal sy kaarte reg gespeel en oudergewoonte op dit gekonsentreer wat oor jare heen soms verkieatings beklink het — brood- en bottersake. Sy voorspellings oor die goudstandaard was in die kol en ewe skielik het Roos se terugkeer tot die politiek vir baie Suid-Afrikaners betekenisvol geword. Maar tussen Tielman Roos en die premierskap het twee invloedryke Suid-Afrikaanse staatslui getaan — Barry Hertzog en Jan Smuts. Die hele verhaal rondom koalisie en die sogenaamde "political holdup" van Roos word op voortreflike wyse verhaal. Dan volg die ontknoping, met die politieke voorman van weleer as die verworpene.

Die finale uitklophou is geplant en die logiese vir Tielman Roos was uititrede uit die politiek. Soos 'n vuisvoos bokser sou hy egter steeds verlore prestige probeer herwin. Brits glo tereg dat die 1933-verkiezing vir Roos die aangewese tyd was om die politieke tuig neer te lê (p. 212). Op 12 Mei is die stigting van die Sentrale Party met Roos as leier aangekondig. Teen 1934 was daar egter reeds krake in die mondering van hierdie party. Roos se leierskap en brood- en bottersake alleen kon nie die deurslag gee nie. In 1935 raai 'n moeë Roos sy partygenote aan om by die Verenigde Party aan te sluit en hul ideale daar uit te leef. Op 28 Maart 1935 is Roos oorlede.

Hoewel dit geensins betwyfel kan word dat Roos 'n belangrike politieke rol tussen 1914 en 1933 gespeel het nie, word sy besondere invloed miskien soms effens te hoog aangeslaan (vergelyk pp. 48, 106, 152 en 203). In die stofomslag word tereg gesuggereer dat daar sekere parallelle is tussen die vroeë dertigerjare en die hede.

Brits se voetnote en bibliografie getuig van uiters deeglike navorsing, terwyl 'n nuttige indeks die wetenskaplikheid van hierdie werk verhoog. Die verhaal van Tielman Roos word in keurige Engels aangebied en Brits slaag daarin om die leser deurgaans te boei. Kortom: dit is 'n boek wat op elke historikus se rak hoort en wat die leser wat in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis belang stel, sal geniet.

KAREL SCHOEMAN (red.), *Reisjoernaal D.P.M. Huet: verhaal van een uitstapje uit Aliwal naar de Fransche zendelingstaten in het Basutoeland.* (SA Bibliek Herdrukreeks no. 16), Kaapstad, 1987, 64 pp., R14,50 + AVB.

Sonder die inisiatief en arbeid van 'n Karel Schoeman sou die Vrystaatse geskiedskrywing soveel armer gewees het. Want sedert hy sy 'historiese buiging' sowat agt jaar gelede gemaak het met 'n studie oor die ontstaan en ontwikkeling van Bloemfontein, het Schoeman stellig net soveel bekendheid verwerf deur sy werke met 'n geskiedkundige inslag as deur sy bydraes as romanskrywer. Afgesien van 'n sewetal publikasies in die Vrijstatia-reeks (waarvan hy tewens die redakteur is), het hy ook al 'n hele paar werke oor aspekte van die Vrystaatse verlede gelewern, insluitende 'n biografiese bronnestudie van die staatsman M T Steyn en 'n aangrypende kamee oor die lewe en sterwne van die gifmoordenaar Charles Leo Cox. Voorwaar 'n ryk oes en 'n prysenswaardige prestasie!

Met hierdie faksimilee-uitgawe van 'n artikel wat oorspronklik gedurende 1857 in die Kaapse tydskrif *Elpis* verskyn het, word 'n moeilik bekombare en grotendeels vergete dokument opnuut bekend gestel. Terwyl hy tydelik in Aliwal-Noord werkzaam was, het die Nederlandse teologiese kandidaat Dammes Pierre Marie Huet (later 'n geordende leraar in die NGK) 'n reis van bykans 'n maand deur die teenswoordige Oos-Vrystaat en Lesotho onderneem. Hy het onder meer besoek gebring aan die sendingstasies Hebron, Hermon, Morija, Berea, Mequathling en Carmel en ook Winburg, Bloemfontein en Bethulie aangedoen.

Hoewel sy indrukke ietwat oppervlakkig is,werp dit tog interessante lig op die mentaliteit en leefwyse van die mense van hierdie gebied. Veral sy ontmoeting met en uitbeelding van die Sothoopperhoof Mosjwesjwe by Thaba Bosiu bied insiggewende leesstof. Deur sy onsympatieke en uitgesproke standpunte oor die agterhelderheid en ongeletterdheid van baie Boere met wie hy kennis gemaak het, asook sy opvatting oor gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank, het Huet hom die onguns van verskeie tydgenote op die hals gehaal. By Winburg het ds. Andrew Murray hom byvoorbeeld meegedeel dat daar "sterke vooringenomendheden" teenoor hom bestaan omdat hy na bewering 'n "voorstander der kleurlingen was, en ten ... hunne faveuren de blanken ... benadeelen!" Dit was egter nie slegs oor Blankes dat 'Piet' Huet hom uitgelaa het nie – ook die "gekleurde" inwoners wat hy ontmoet het, was weens hul primitiewe en heidense gebruiks dikwels die skryf van sy kritiek.

In die inleiding tot die joernaal verskaf Schoeman toepaslike agtergrondgegewens oor Huet, die Oranje-Vaalgebied en sendingstasies wat teen 1857 daar geleë was. 'n Lys van verklarings en register dra tot die bruikbaarheid van die publikasie by. Geen bronnellys word egter verstrek nie. Dit is verder onbegryplik dat die redakteur dit nie nodig geag het om 'n kaart van die betrokke landstreek waarop Huet se reis aangedui word, in te sluit nie. Ten slotte ontsier enkele verskrywings en foutiewe historiese terme (onder meer op pp. 9–10, 12 en 60) hierdie andersins leesbare werkie watveral vir navorsers oor die Vrystaat en Lesotho se geskiedenis van nut behoort te wees.

C C ELOFF  
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

A DAVEY (red.), *Breaker Morant and the Bushveldt Carbineers*, Van Riebeeck-Vereniging no. 18, Kaapstad, 1987, 238 pp., Lede R17,50.

Hierdie agtiende publikasie in die tweede reeks onder die sambrel van die Van Riebeeck-vereniging verskil van die meeste vorige uitgawes wat hoofsaaklik rondom 'n kern-dagboek of joernaal gesentreer het. Die samesteller, emeritus-professor Arthur Davey van die Universiteit van Kaapstad, moes hierdie volume opbou deur relevante en bekombare dokumente in 'n verskeidenheid van naslaan-instansies op te spoor, te vergelyk en te trag om tot 'n wetenskaplik-verantwoordbare gevolgtrekking te geraak.

'n Bykomende kompliserende faktor was dat wanopvattinge, mites, legendas en spekulasies oor 'n tydperk van meer as tachtig jaar in geskrif en beeld sodanig ingeburger is dat die werklike gebeure eers van subjektiewe aanpaksels gestroop moes word. Terselfdertyd moes prof. Davey verstaan waarom bepaalde legendas ontstaan en hoe dit die onderhawige gebeure verwring het.

Dit gaan hier om die optrede van die Bushveldt Carbineers, 'n imperiale troepe-afdeling wat in 1901 met 'n spesifieke doel voor oë in die lewe geroep is, nl. om sporadiese guerilla-aktiwiteite in die afgeleë streke van Noord-Transvaal te bekamp. Daar was o.a. 43 Australiese, 31 Britse en 14 Suid-Afrikaanse rekrute in die Carbineers wat tot die mistasting aanleiding gegee het dat dit 'n Australiese eenheid was. In April 1901 is persoonlikhede soos lt. (later kapt.) H H (Breaker) Morant en lt. (Vee-

arts) P J Handcock as offisiere in die korps aangestel. Morant was van geboorte Brits, maar het hom later met Australië vereenselwig.

Die Carbineers, wat in hedendaagse terminologie as 'n teen-insurgensie eenheid beskryf kan word, was 'n uiters mobiele gevegsgroep. Dit het slegs tien maande bestaan voordat dit vanaf Desember 1901 by die Pietersburg Light Horse ingeskakel is.

Gedurende die tweede helfte van 1901 was die Carbineers, wat deur sommige tydgenote veral gemenend as 'n versameling woestaards bestempel is, in 'n reeks gruweldade in die Spelonkendistrik betrokke. Hieroor is reeds heelwat geskryf, veral oor die afdeling onder Morant wat te Strydpoort gestasioneer was.

Op 6 Augustus 1901 was hierdie eenheid op die plaas Duivelskloof met 'n klompie Boere in 'n skermutseling betrokke waartydens twee offisiere doodgeskiet is. In afwagting van versterkings het die Carbineers na die nabijgeleë Berlynse sendingstasie te Medingen teruggeval.

Toe Morant te perd op die toneel aangejaag kom, was hy verslae toe hy verneem van die dood van sy vriend, kapt. P F Hunt. Woedend het hy 'n hakke-jag teen die terugvallende Boere gelei en in weerwraak 'n gewonde gevangene sonder verhoor laat fusileer. Later is nog agt Boere naby die Elim-hospitaal om die lewe gebring. Sendeling Daniel Heese, wat ooggetuie van hierdie wandade was, is ook doodgeskiet. Na ondersoek deur die Britse Intelligentsiediens is Morant en Handcock deur 'n Britse krygshof verhoor. Hulle het voor 'n vuurpeleton gesterf.

Ses jaar later het H G Witton in sy werk *Scapegoats of the Empire* Morant en Handcock tot martelare verhef. Mettertyd is meer romantiese mites om Morant geweef — onbevreesde perdetemmer, digter, 'n vrybuiter wat ongelukkig was om in 'n eeu te leef toe grootpratory uit die mode geraak het. Dit alles het die indruk versterk dat die Australiese komponent van die Carbineers tot sondebokke deur die Britse leerbevel gemaak is.

Min is bekend oor die Carbineers se agt slagoffers: drie Van Stadens, die Viljoen-broers van Duiwelskloof en drie Hollandse skoolmeesters wat as bosbouers en Rooikruiswerkers nie aan die betrokke gevegte deelgeneem het nie. Hulle sou in 1982 in 'n helde-akkér finaal ter ruste gelê word.

Die Morant-sage het verdiep toe die amptelike rekords van die krygshofverhoor in 'n Duitse lugaanval in 1940 saam met 'n groot gedeelte van die Kitchener Papers vernietig is.

Prof Davey het geen moeite ontsien om alle beskikkbare dokumente op te spoor nie. Die grootste gedeelte van sy rekonstruksies is gebaseer op onverwerkte argivalia wat in Kaapstad, Pretoria, Bloemfontein en Londen opgespoor is, asook persoonlike herinneringe, amptelike publikasies en letterkundige bronne.

Daar word geen twyfel gelaat dat Morant en Handcock skuldig was nie. Morant se verweer dat hy ingevolge lord Roberts en lord Kitchener se "papierbomme" saboteurs van die spoorlyn met die dood kon straf, het die krygshof nie beïndruk nie.

Prof. S B Spies van Unisa het reeds in 1977 die geval Morant in sy *Methods of Barbarism* aangesny en op meesterlike wyse die mites weerlê. Nogtans het die verfilming van *Breaker Morant* in 1980 in Australië die legende laat herleef.

Prof. Davey se indringende ontleding van alle tersaaklike dokumente, sy objektiewe beheersing van die stof en die onbevange oordeel waartoe hy geraak, stroop finaal die Morant-sage van al die romantiek van verontregting wat oor die loop van jare daaromheen geweef is. As sodanig is dit 'n waardevolle toegvoeging, nie net tot die Van Riebeeck-Vereniging se publikasies nie, maar tot die bestaande wetenskaplike literatuur oor die Tweede Vryheidsoorlog.

A P J VAN RENSBURG  
Universiteit van Pretoria

B A LE CORDEUR (editor), *The Journal of Charles Lennox Stretch*, Maskew Miller Longman, Cape Town (The Graham's Town Series) 1988, xxiv + 214 pp., illus., bibl., index.

Charles Lennox Stretch belonged to one of the earliest, pre-1820, English families to arrive in South Africa. He was born in 1797 and trained as a military cadet. His regiment was sent to the Cape of Good Hope in 1818, bringing Stretch to the colony where his brother and two of his sisters already lived.

The timing of Stretch's arrival, and his military associations, brought him into contact with leading figures and major events in the Eastern Cape's turbulent history. After participating in the war against Ndlambe in 1819, he practiced as a land surveyor. When the frontier erupted into war in December 1834 Stretch resumed military life, securing a captaincy in a battalion of Provisional Colonial Infantry of Khoi soldiers. This is where the journal edited and published here commences.

Professor le Cordeur has concentrated on the part of Stretch's journal which deals with the war, some four-fifths of the original text. The remainder, dealing in a superficial way with events in Stretch's earlier or later life, has been incorporated as source material for introductory and concluding chapters. His later career as farmer, surveyor and parliamentarian up to his death in 1882 is briefly summarized.

Stretch kept a lively and detailed journal quite free of tediousness. Interesting and easy to read, it conveys a sense of immediacy which takes the reader back to that time of harsh conflict. To me, one of the most striking aspects of the journal has been Stretch's exposure of cruelty by British and colonial troops. Although it is recognized that the eastern frontier wars took on a more severe character since British power was deployed there, and notably since Lt-Col Graham's vicious campaign of 1811–1812, first-hand observations like Stretch's help much towards understanding the dimensions of the breaking of Xhosa power. Land loss and societal change are not the only key features of what happened. Unconcern at shooting women, breach of pledge to give safe-conduct and inability to know when to stop shooting and show mercy are all noted here. Stretch's religious and moral convictions, apparently stronger than those of the brutalized soldiery, helped him to perceive such wrongs for what they were. After having intervened to save a man from being shot without cause, Stretch noted, "Lieutenant Sutton was surprised why I did not shoot him. But I found on lying down to rest myself a feeling of satisfaction I cannot describe" (p. 101).

The best-known instance of colonial misconduct during this war is Hintsa's murder, an infamous action which still eludes historians' efforts to pinpoint exactly how the chief was killed or who mutilated his body. Stretch names three more men who may have been responsible for the mutilation, so the issue remains open.

For all his confidence about his own views, Stretch could make mistakes. His assessment of characters like Sir Harry Smith — who probably deserved it — is harsh, but when he described the young chief Sarhili as "a very stupid-looking young man" he badly misjudged the future champion of Xhosa independence. Sarhili must have been in a virtual state of shock when Stretch saw him: young and having just experienced the shock of his father Hintsa's death.

There is much more to the journal than a catalogue of soldiers' excesses. It contains abundant detail of personalities and places; of negotiations between the Xhosa and British; and, of course, of military operations. Hence it should be a most useful source of information about the 1834–1835 war, although those who explore its resources may reach varying conclusions about its author. To some he may seem an honest though unduly censorious observer; to others one whose word is biased against the colonists.

The journal's weakness as a source for those anxious to understand the period stems, as the editor indicates, from Stretch's failure to comment on the deep forces which led to the war in the first place. While he sympathized with the Xhosa about the pressures to which they were being increasingly subjected, he concerned himself but little with the details of African society. In this sense he is the type of observer who responds to what occurs every day but does not explore further than the immediate and experiential.

For general and student readers these deficiencies are well compensated for in the editor's valuable historical introduction which takes recent studies into account and is a clear guide to the causes of the war. It is sufficiently detailed and thoughtful to be suitable for giving to students as reading on the subject. Professor Le Cordeur has not only made the period and subject matter accessible through his introduction, but also done a fine piece of work in the textual editing. The detailed editorial notes to the journal cover 36 pages. Information is provided about very many personalities, some quite obscure, whom Stretch mentions in passing, and there is plenty of additional data, both factual and interpretative. Three maps of the frontier area and theatre of military operations, and illustrations of people and places involved in the war, round off the book. The maps have been placed at the end of the editor's notes, which is unfortunate: it would have been convenient to have them either in the journal text or at least printed horizontally instead of vertically on the page.

All in all then, this is a sound edition of a valuable and informative document on one of the more painful periods of our colonial history.

I H ENKLAAR, *Life and Work of Dr J.T.H. van der Kemp, 1747—1811 — Missionary pioneer and protagonist of racial equality in South Africa*, Balkema, Kaapstad, 1988. 234 pp, R55 plus AVB.

Johannes Theodorus van der Kemp was in die agtiende en vroeg-negentiende eeu die mees talentvolle en tegelyk die mees omstrede persoonlikheid in die Nederlandse sendinggeskiedenis. Tot dusver het historici in Suid-Afrika en elders veelal die kollig laat val op sy sendingwerk in Bethelsdorp, sy botsing met die koloniste (Afrikaners), wat hy van "tirannie" teenoor die Khoikhoi beskuldig het, en die onmin tussen hom en die plaaslike sowel as sentrale Kaapse owerheid.

Van owerheidswéé is Van der Kemp daarvan beskuldig dat hy minagt vir alle vorme van gesag openbaar het; trouens, daar is met 'n groot mate van reg beweer dat die distrik Uitenhage redeelik vreedsaam was tydens sy afwesigheid as banneling in Kaapstad. Landdros Cuyler het verwys na die "valse, astrante en hovaardige optrede van mnr Van der Kemp". Die voorsittende regters van die Swarte Ommegang het verklaar dat die beskuldigings wat soveel lawaai binne en buite die Kaapkolonie tot gevolg gehad het, "net in die verbeelding" van sendelinge Read en Van der Kemp bestaan het.

Voorgaande beeld van Van der Kemp is in die Suid-Afrikaanse historiografie oor geslagte heen bestendig. 'n Objektiewer en meer ewewigtige oordeel oor sendeling Van der Kemp het nou eers uit die pen van dr Enklaar voortgevloei.

Dr Ido Enklaar was 'n kwarteeu lank as sendeling in Indonesië werkzaam, met teologiese opleiding aldaar en in Nederland gemoeid terwyl hy ses jaar lank sendingwetenskap aan die Universiteit van Groningen doseer het. Hy het hom ten doel gestel om 'n histories-verantwoorde sendinggeskiedenis omtrent die lewe en werk van dr Van der Kemp te boekstaaf, 'n werk wat die omstrede sendeling in sy eie tydsgewrig sou deurskou en gebaseer sou word op alle toeganklike bronne in Nederland, Brittanje en Suid-Afrika.

Van der Kemp se meer positiewe werk word dikwels agterweé gelaat as gevolg van die negatiewe impak van sy rewolusionêre denke en sy filantropie wat soveel opspraak in Suid-Afrika verwek het. In Wes-Europa het reeds 'n veertigtaal publikasies oor hom die lig gesien in tale soos Engels, Nederlands, Frans en Duits. In hierdie werke word Van der Kemp dikwels sonder kritiese besinning voorgehou as die befaamde sendeling, die deurlugtige dienaar van die armes en die baanbreker van die Christelike evangelie in 'n Donker Kontinent.

Dr Enklaar besien Van der Kemp as 'n briljante intellektualis wat tuis was in wydgeskakeerde kennisvelde: die filosofie; teologie; geneeskunde (hy was mediese offisier in sowel die Britse as Nederlandse leër); fisika; chemie; krygskunde, sowel as klassieke en moderne tale. Hy het waardering vir Van der Kemp se piëtistiese sendingywer, wat alle vorme van rassemiskriminasie verwerp het; sy selfverloëning; sy afswering van aardse genot (omdat hy verkies het om in die onvrugbare Bethelsdorp te gaan werk) en sy afkeer van persoonlike verering en roem. Hoewel hy soortgelyke idees as Jean Jacques Rousseau gehuldig het, het hy nogtans die "beperkinge" van die "barbaredom" van Afrika besef.

Die skrywer gee 'n breedvoerige uiteensetting van Van der Kemp se geestelike ontwikkeling in sy jonger dae in Nederland, Skotland en Engeland om sodoende sy gekompliseerde karakter te verduidelik. Verder wy hy heelwat aandag aan sy verblyf in "Kaffraria" wat 'n mislukking as sendingaksie was maar wat tog Van der Kemp se meriete as waarnemer, ontdekkingsreisiger en pennevoerder onderstreep. Aldus verstrek Van der Kemp eerstehandse inligting oor Ngqika, sy bure en sy moeder se verhouding met Coenraad de Buys, asook waardevolle volkekundige gegewens met betrekking tot die destydse inwoners van Xhosaland.

Hoewel Enklaar soms verlei word om Van der Kemp se optrede te vergoelik, gee hy toe dat hy berug en tegelyk beroemd was en bepaald die karakter in Suid-Afrika se sendinggeskiedenis was wat op die mees dubbelzinnige wyse in die historiografie tereg gekom het.

In hierdie verband wys dr Enklaar daarop dat daar tens ook in Suid-Afrika stemme opgaan dat Van der Kemp objektief herwaardeer en ontmitologiseer sal word en dat laasgenoemde nie net sy sendingwerk te Bethelsdorp nie maar sy ganse lewe en totale sendingarbeid sal bestryk.

Ten opsigte van Van der Kemp se huwelik op 60-jarige leeftyd met die 14-jarige slavin Sara Jansen van Madagaskar, bly die skrywer wonder of dit aan louter Christelike idealisme of die blote wellus van 'n ou man toegedig moet word. Dit bly vir dr Enklaar "'n voortslepende raaisel" en hy gee toe dat dit Van der Kemp se reputasie blywend geskaad het. Die bekende sendeling Robert Moffat het die wulpse Sara as 'n "uiters omvanpaste" lewensgesellin vir Van der Kemp beskou.

Dr Enklaar het ook die lotgevalle van Van der Kemp se vier kinders by Sara nagespeur: die oudste seun, Cornelius, het o.a. dapper in die Sesde Grensoorlog geveg; die tweede het as 'n obskure timmerman gelewe; die derde is vroeg oorlede en die dogter Sara is op 17-jarige leeftyd met Hendrik Kannemeyer getroud.

Hierdie werk het bepaald verdienste omdat dit tot dusver onbekende fasette van Van der Kemp se lewe belig, o.a. sy verblyf in Xhosaland, sy mediese praktyk in Middelburg (Nederland) en sy breë rol in die Nederlandse sending. Tydgenootlike kritiek van Van der Kemp as eksentriek persoonlikheid, sy keuse van Bethelsdorp waar hy met onchristelike minagting die Khóikhoi in matelose ellende gedompel het en sy aanmoediging van ledigheid by hulle staan steeds sterk teenoor die Londense Sendinggenootskap se lofuiting dat Van der Kemp die wildernis trotseer het om 'n Kerk op te rig.

Tog wil ek toegee dat dr Enklaar heelwat nuwe inligting openbaar, dat Van der Kemp se karakter bepaald meer gekompliseerd was as wat sy teenstand teen die Afrikaner se optrede beduidie het en dat die vormende kragte in sy lewe nadere ondersoek verdien. Historici sal in die lig van dr Enklaar se evaluerings opnuut oor Van der Kemp moet besin en sy werk in Suid-Afrika in alle geledinge moet deurvors voordat 'n finale oordeel oor hierdie omstrede persoonlikheid geveld word.

A P J VAN RENSBURG  
*Universiteit van Pretoria*